

Sondag, 31 Januarie 2021
Fokusteks: Markus 1:21-28

‘n Amerikaanse vrouepredikant vertel van haar dae as ‘n “sokkerma.” Dit was toe haar seun lid van die laerskool se sokkerspan was. Sy onthou hoe die ouers met wedstryde langs die een kant van die veld gestaan en opgewonde instruksies en bevele aan hul kinders geskree het. Gewoonlik om self te probeer om ‘n doel te skiet. Aan die anderkant van die veld was die afrigter ook besig om instruksies vir die spanlede deur te gee. Gewoonlik om die bal te versprei en te wag vir die regte geleentheid om ‘n doel te skiet. Die arme kinders het heel verward geraak. Na wie moet hulle luister? Hul ouers of hul afrigter? Soms het dit gebeur dat die spelers hulle vervies het vir hul ouers se instruksies en net die koppe heen en weer geskud het. Woorde was nie nodig nie. Dit was ‘n duidelike boodskap aan die ouer om te sê om eerder stil te bly. Bly stil ma, bly stil pa, sodat ek my afrigter se stem kan hoor, want hy is die een wat gesag het oor my, die span en oor die spelpatroon, nie julle nie!

Ons weet maar te goed hoe frustrerend dit kan wees as verskillende stemme op jou lewe inspraak wil hê. Veral as dit oor sensitiewe en persoonlike sake gaan. Die een sê dit, die ander sê dat. Later is jy so deurmekaar en verward dat jy nie self meer kan onderskei wat die regte ding is om te doen nie. Na wie moet jy dan luister? Watter stem dra die meeste gesag? Al wat jy hoor is ‘n geraas van stemme en die menings van ander mense. Dit bring nie altyd vrede en kalmte in die gemoed nie. Trouens, jy mag dan besluite neem net om ander tevrede te stel.

Ons glo, as kinders van die Here, dat God se stem die grootste en enigste gesagvolle stem in ons lewens behoort te wees. Wat Hy sê en beveel, bepaal ons doen en late. Dit rig ons denke en ons verstand. Hy is die lewensafriigter waarna ons luister. Hoe weet ek, tussen al die stemme wat ek hoor, dat dit God is wat met my praat? Hoe kan ek seker maak dat ek my ore vir die regte stem spits? Hebreërs 1:1,2 help ons in hierdie verband:

¹In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, ²maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.

In die Ou Testament leer ons God ken as die Koning; in die Nuwe Testament is Jesus, die Seun van God, die verteenwoordiger van God se koninkryk. Nie net dit nie, maar Hy is ook die koninkryk in aksie. Hy word die sigbare en hoorbare stem van God. Johannes beskryf dit so mooi in sy weergawe van die evangelie: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God (Joh.1:1).* As jy God se stem duidelik wil hoor, moet jy let op die woorde van Jesus.

Dit is presies wat Markus met sy evangelie aangaande Jesus wil doen. Reg aan die begin van die boek stel hy dit duidelik dat Jesus die Seun van God is (1:1). Daar moet geen onduidelikheid wees oor die gesag en identiteit van Jesus nie. Hy is die stem waarna jy kan en moet luister. Ons sien iets hiervan in ons teksgedeelte. Daar is drie stemme wat aan die woord kom.

Die een stem is eintlik ‘n koor van stemme wat dieselfde wysie sing. Dit is die mense wat op die sabbatdag in die sinagoge byeen is. Dit was ‘n gebruik om op hierdie dag sinagoge toe te gaan. In die Ou Testament, voor die tyd van die ballingskap, het die tempel die sentrale aanbiddingsplek ingeneem, met ‘n sterk ontwikkelde offerdiens. Maar na die ballingskap, met die tempel wat verwoes is, het die Jode in sinagoges bymekaar gekom, die heilige skrifte gelees en dit oordink. Joodse seuns het hier onderrig ontvang in die wet (torah) en godsdienstige gebruike. Dit het ‘n bepalende rol gespeel in hul geloofsgewoontes.

Dit is by so ‘n geleentheid wat Jesus opstaan en die mense begin leer vanuit die heilige skrifte. Die stem wat ons hoor is die reaksie van die sinagogegangers. Ons lees in v.22 dat hulle verstom was oor sy leer, want dit

was nie maar net die gewone tradisies van vroeër jare waarop die skrifgeleerdes gewoonlik gefokus het nie. Nee, Jesus het self die skrifte begin uitlê. Hulle het dadelik besef hier is iemand wat met gesag praat. Daar was ook verbasing toe Jesus die bose gees uit die man gedryf het. In v.27 word vertel dat hulle onder mekaar geredeneer het en wou weet wie Jesus is? Selfs die bose geeste gehoorsaam sy bevel. Ons as lesers weet dat Jesus se gesag van God kom. Markus stel dit tog in die begin duidelik dat Jesus die Seun van God is (1:1). Jesus genees hierdie man deur sy Vader se gesag en met die krag van die Heilige Gees. Daar kan tog nie onduidelikheid wees oor wie Jesus is nie? Maar die redenasies onder mekaar oor wat hier aan die gebeur is toon duidelik dat hulle nie bereid is om sover te gaan om te aanvaar dat Jesus die ware Messias is nie. Hulle praat oor Jesus en wonder oor Hom. Hulle sien Hom, maar is blind vir sy identiteit. Hulle hoor Hom, maar is tog doof vir sy boodskap. Hulle is selfs verbaas en opgewonde, maar daar is geen persoonlike belydenis op die lippe dat Hy die Seun van God is nie. Hulle kan eenvoudig nie by daardie punt kom nie.

Behalwe een. 'n Ander stem. Dit is die stem van die bose gees. Hy weet presies wie Jesus is. Is dit nie absoluut ironies nie? God se volk wonder wat aangaan en wie Jesus regtig is, maar die bose gees wonder nie. Hy is die enigste een wat Jesus se ware identiteit ken. So roep hy uit: "*Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet goed wie U is; U is die Heilige van God!*" (24).

Jesus se teenwoordigheid maak die bose gees ongemaklik. As hy vir Jesus sien is dit so goed as om 'n uitsettingsbevel teen sy deur te kry. Die heilige God verdra nie enige onheiligheid of boosheid nie. Die bose gees noem Jesus vir wie Hy is - *die Heilige van God*. Iets wat die ander in die sinagoge nie begryp het nie. Maak dit nou van die bose gees 'n volgeling van Jesus? Nee, glad nie. Om die waarheid te sê, hier kry ons nog 'n stuk ironie, die bose gees weet presies wat Jesus se plan is, terwyl die skrifgeleerdes en die dissipels gesukkel het om dit te verstaan, selfs tot na die opstanding van Jesus. Jy hoor dit in die vraag wat die bose gees aan Jesus vra: *Het U gekom om ons te verdelg?* Eintlik weet die bose gees reeds wat die antwoord is. Ja, hy praat sommer in die meervoud, want Jesus sou uiteindelik deur die kruis en opstanding uit die dood alle bose magte finaal oorwin en vernietig. Jesus se gesag is gedurig deur die bose uitgedaag, maar Hy het telkens die bose geeste verdryf en mense genees. Daarmee het Hy sy gesag weer en weer as die Seun van God bevestig.

Soms beleef ons ook 'n ongemaklikheid in die teenwoordigheid van die Here. Die stukkies onheiligheid in ons lewens spring as't ware op hul perdjie en wil dan 'n geveg opsit. Dan reageer ons met teenstand. Ons is nie bereid om daardie sondes prys te gee nie. In die proses word ons mense wat ook nie juis vir ander tot seën is nie. Die beste is om na die stem van God te luister. Sover het ons die stemme van die sinagogegangers gehoor. Stemme wat redeneer en wonder wat aangaan maar nie eintlik weet nie. Ons het die stem van die bose gees gehoor, die een wat presies weet wie Jesus is en wat sy plan is, maar uiteindelik ook moes buig voor die gesag van Jesus.

Ons hoor egter ook die stem van Jesus, wat die bose gees met 'n skerp woord aanspreek. In Engels sou dit iets wees soos "*Shut up!*" Let wel, wanneer Jesus praat is dit met die oog op redding, genesing en bevryding. Dit is nie die man wat bestraf word nie, maar die bose gees wat die man in besit geneem het. Ons lees dat die bose gees uit die man gegaan het. Nou is die man vrygemaak. Hy is nie langer 'n slaaf of spreekbuis van die bose nie, maar 'n sigbare teken en getuie van die genesende en reddende krag van Jesus.

Hierdie teks spoor ons aan om gehoorsaam na die stem van ons ware Afrigter te luister. Die Een wat ons kan bevry en genees van ons eie onbeholpe spelpatroon. Dit is nie nodig om verward te wees oor die stemme van hierdie wêreld wat jou beangs en vol onsekerheid laat leef nie. Terwyl ons nie weet hoe die dag van môre en oormôre lyk nie, kan ons vashou aan die beloftes van lewe wat deur die Here Jesus aan ons toegesê word. Dit is goed om te weet dat Jesus alle magte oorwin het. Dit beteken dat slegs Hy alleen gesag

oor my lewe het. Geen siekte of pandemie, geen politieke ideologie, geen armoede of ellende sal my van die liefde van Christus wegneem nie. Nie eens die dood nie.

Dit is die stem van Jesus wat hierdie man van 'n beseerde gees bevry het. Dit is die stem van Jesus wat die storm op die see stil gemaak het (4:35-41). Dit is die stem van Jesus wat die legio beseerde geeste uit die besetene van Gerasa gedryf het (5:1-20). Dit is die stem van Jesus wat die dooie dogtertjie van Jairo lewend gemaak het toe Hy gesê het: *Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!* (5:41).

Jesus spreek lewe. Hoekom sal jy na 'n ander stem wil luister?

Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

Amen!